

## AfriForum-lede se mening oor die COVID-19-entstof en verwante sake

'n Verslag deur AfriForum Navorsing


### Inleiding

Die COVID-19-pandemie het oor die afgelope jaar 'n plaaslike en internasionale gesondheidskrisis veroorsaak. Meer as 'n miljoen COVID-19-gevalle is reeds in die land aangeteken en amptelike statistieke dui daarop dat meer as 33 000 COVID-19-verwante sterftes teen Januarie 2021 opgeteken is.<sup>1</sup>

Verskeie farmaseutiese maatskappye het al aangekondig dat hulle doeltreffende entstowwe ontwikkel het, wat mense moontlik teen dié virus kan beskerm en wat 'n belangrike bydrae kan lewer om die verspreiding daarvan te beperk.<sup>2</sup>

AfriForum wou sy lede se mening inwin oor kwessies rondom die entstof self, die billike toegang daartoe en die maatreëls wat die staat daarvoor tref. Die doel van die meningsopname was om insette van lede te gebruik om AfriForum se COVID-19-strategie te verbeter.

Sekere uitslae van die studie lui byvoorbeeld soos volg:



Figuur 1: Algemene siening oor die gebruik van entstowwe (n=504 respondente)


1 National Institute for communicable diseases. 2021. *Latest confirmed cases for Covid-19 in South Africa*. 29 January. Beskikbaar by <https://www.nicd.ac.za/latest-confirmed-cases-of-covid-19-in-south-africa-29-jan-2021/>. Geraadpleeg op 7 April 2021.

2 *Ibid.*

'n Inenting kan breedweg omskryf word as 'n manier om 'n persoon se immuunstelsel te "leer" hoe om organismes wat die liggaam binnedring, te herken en uit te skakel. Inentings is een van die belangrikste voorkomende middels om mense teen siektes soos masels, hepatitis B en geelkoors te beskerm. Dit is ook belangrik dat 'n noemenswaardige segment van 'n bevolking ingeënt word om sodoende kudde-immuniteit binne 'n geografiese gebied te bewerkstellig om die verspreiding van die betrokke siekte te kniehalter.<sup>3</sup> Hoewel daar in sommige gevalle weerstand teen die gebruik van entstowwe is, word dit reeds vir langer as 'n eeu in talle lande gebruik as 'n effektiewe voorkomende middel teen 'n wye reeks siektes.

In die AfriForum-opname is respondente gevra of hulle ten gunste is van die gebruik van entstowwe teen siektes soos geelkoors. Dit is duidelik uit Figuur 1 dat die oorgrote meerderheid van die respondente (91,27%) ten gunste is van die gebruik van entstowwe. Hierna is 'n daaropvolgende vraag gestel (sien Figuur 2) wat spesifiek fokus op 'n COVID-19-entstof.


Die resultaat toon aan dat 40,64% van respondente verklaar dat hulle nie van plan is om ingeënt te word teen COVID-19 nie, omdat die meerderheid van die wat nee sê, nie die entstof vertrou nie. Die opname wys uit dat die respondente nie in beginsel gekant is teen die idee van 'n COVID-19-entstof of die moontlike doeltreffendheid daarvan nie, maar dat daar nie genoeg vertroue in die huidige produkte is nie.




*Figuur 2: Beplan om ingeënt te word (n=502 respondente)*

<sup>3</sup> Sampson, S. & Boulanger, A. 2019. *Everything you need to know about vaccinations*. Healthline. 27 November. Beskikbaar by <https://www.healthline.com/health/vaccinations>. Geraadpleeg op 7 April 2021.

Die vrae wat hieronder volg, handel oor regerings se inenting- en verspreidingstrategie. Lede is gevra hoe die Suid-Afrikaanse regering se inentingstrategie vergelyk met dié van die meeste ander lande. Verder is lede se opinie ondersoek of die nasionale regering alternatiewe behandelings behoort te ondersoek en watter instansie(s) die primêre rol behoort te speel by sowel die aankoop as die toekenning en verdeling van entstowwe.




*Figuur 3: Algemene siening oor inentingstrategie in Suid-Afrika (n=502 respondente)*



*Figuur 4: Siening oor alternatiewe behandeling (n=502 respondente)*


Volgens data van die *Council on Foreign Relations* is daar vanaf Februarie 2021 wêreldwyd meer as 200 miljoen dosisse entstof teen COVID-19 toegedien. Lande soos Israel en die Verenigde Arabiese Emirate vorder vinnig met hul onderskeie inentingstrategieë. Hoewel die vinnige toediening van entstowwe 'n positiewe verwikkeling is, sukkel die meeste lande om die meerderheid van hulle bevolkings ingeënt te kry, terwyl daar onder meer in China, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State entstowwe goedgekeur is vir noodgebruik.<sup>4</sup>



*Figuur 5: Siening oor doeltreffende verspreiding (n=499 respondente)*

Volgens Figuur 3 is dit duidelik dat die meerderheid van die respondente (63,75%) van mening is dat die Suid-Afrikaanse regering se inentingstrategie nie voldoen aan internasionale standaarde nie. Wat merkwaardig is, is dat volgens die bogenoemde data die meeste ander lande se implementering van die inentingstrategie nie juis noemenswaardig beter of vinniger is as dit wat die Suid-Afrikaanse regering doen nie. Verder dink altesaam 86,37% van respondente dat die Suid-Afrikaanse regering se vermoë om die COVID-19-entstof betyds by brandpunte uit te kry, glad nie doeltreffend is nie. Boonop dui 80,12% aan dat die privaat gesondheidssektor die primêre rol moet speel in die aankoop en verspreiding van die entstof.


<sup>4</sup> Felter, C. 2021. *A guide to global COVID-19 vaccine efforts*. Council on Foreign Relations, 1 March. Beskikbaar by <https://www.cfr.org/backgrounder/guide-global-covid-19-vaccine-efforts/>. Geraadpleeg op 7 April 2021.




*Figuur 6: Algemene siening oor aankoop en verspreiding van entstowwe (n=503 respondente)*

Aan die begin van Januarie 2021 het die Minister van Gesondheid, dr. Zweli Mkhize, verklaar dat sy departement (die Departement van Gesondheid) beoog om die meerderheid van die bevolking (67%) teen die einde van 2021 ingeënt te hê.<sup>5</sup> Met inagneming van hierdie stelling is daar vir AfriForum-lede gevra hoe bekommerd hulle is dat hulle nie die entstof betyds gaan ontvang nie. Meer as 'n kwart (byna 30%) het aangedui dat hulle hieroor bekommerd is, terwyl 61,16% aangedui het dat hulle nie bekommerd is nie.

5 Department of Health, SA: SAcoronavirus. 2021. *Minister Zweli Mkhize Public Briefing Statement South Africa's COVID-19 Vaccine Strategy 3 January 2021*. Besikbaar by <https://sacoronavirus.co.za/2021/01/03/minister-zweli-mkhize-public-briefing-statement-south-africas-covid-19-vaccine-strategy-3-january-2021/>. Geraadpleeg op 7 April 2021.



*Figuur 7: Kommer oor betydse toediening van entstowwe volgens regeringstoeseegging (n=502 respondente)*



*Figuur 8: Voorkeurlys van groepe vir toekenning van entstowwe (n=482 respondente)*

Suid-Afrika het aan die begin van Februarie 2021 die eerste besending entstof ontvang, naamlik die Oxford/AstraZeneca-entstof. Daar is in die media berig dat gezondheidswerkers die eerste groep persone sou wees wat ingeënt sou word.<sup>6</sup> Met betrekking tot die bostaande vraag (Figuur 8) kon respondente op 'n skaal kies wie volgens hulle voorkeur behoort te geniet met betrekking tot wie eerste ingeënt moet word. Lede se siening oor hulle eerste keuse strook ruweg met dele van die uitrolstrategie wat deur die regering opgestel is, in die sin dat gezondheidswerkers voorkeur moet geniet met 'n telling van 6,57 wat hieraan toegeken word.

Aan die hand hiervan het mense in tronke laagste op die voorkeurlys geëindig met 'n telling van 1,43. Die uitslae impliseer nie dat mense in tronke wat laer gerangskik is, glad nie belangrik is nie, maar wys wel dat, gebaseer op die lede se keuse van rangskikking ander opsies voorkeur geniet het.

### **Slotbevinding**

Die resultate van die opname dui daarop dat 'n noemenswaardige persentasie van die respondente van mening is dat die aankoop en verspreiding van 'n COVID-19-entstof eerder oorgelaat moet word aan die privaat gesondheidssektor, eerder as die staatsgesondheidssektor, wat dui op geringe vertroue in openbare instellings. Hierdie is egter nie verbasingwekkend nie gegewe openbare instellings se swak reputasie en prestasie met betrekking tot algemene dienslewering.

Terselfdertyd is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van respondente nie in beginsel gekant is teen die gebruik van entstowwe nie, maar nie beplan om hulself met die COVID-19-entstof te laat inent nie omdat hulle die entstof nie vertrou nie. Die rede vir die gebrek aan vertroue in die COVID-19-entstof is nie bekend nie. Die vraag moet waarskynlik ook beoordeel word teen die agtergrond van die tydstip van die opname en die feit dat daar sporadies ondeursigtige optrede was ten opsigte van die aankoop en verspreiding van COVID-19-entstowwe.

Die waargenome tendens is hier ook dat daar 'n antagonistiese siening ten opsigte van enige inperkingsmaatreëls bestaan.

---

6 Discovery Medical Aid. 2021. Understanding SA's vaccine rollout plan: Where do you fit into #VaccineRolloutStrategySA? March. Beskikbaar by <https://www.discovery.co.za/corporate/covid-19-understanding-sa-vaccine-rollout-plan>. Geraadpleeg op 7 April 2021.

## Metodologie

- Die opname het plaasgevind tussen 18 Januarie en 1 Februarie 2021. Die data-insameling is behartig deur middel van telefoniese onderhoude (“computer-assisted telephone interviewing” – CATI). Hierdie opnamemetode maak gebruik van ’n kwalitatiewe metodiek en beskrywende statistiek.
- Ongeveer 500 lede het aan die opname deelgeneem, waarvan 56,36% manlik en 43,64% vroulik was. Die respondente val in ouderdomsgroepe van 21 jaar tot 70 jaar en ouer. Met betrekking tot woonomstandighede woon die meeste respondente saam met twee of meer persone, en 88,42% behoort aan ’n mediese skema of het ’n hospitaalplan.
- Respondente wat iemand weens COVID-19 aan die dood afgestaan het en wat oor hulle gemoedstoestand wou praat, is die opsie van traumaberading aangebied.
- Nie al die response van respondente of bevindings van die studie is in hierdie studieverlag gepubliseer nie. Sekere bevindings en uitslae van die opname is slegs vir AfriForum se interne organisatoriese gebruik.
- ’n Ewekansige steekproef is geneem uit AfriForum-lede, maar daar moet in ag geneem word dat die resultate van die opname nie veralgemeen kan word na die breër Suid-Afrikaanse bevolking nie. Die resultate weerspieël dus slegs menings van AfriForum-lede en nie noodwendig van Afrikaners in die algemeen nie. Die gebrek aan eksterne geldigheid moet in ag geneem word wanneer die bevindings van die opname geïnterpreteer word.

Johan Nortjé

Navorser

AfriForum Navorsing